VLEESBAAI DIENSTE NPC

VLEESBAAI NUUSBRIEF / *VLEESBAAI NEWSLETTER*

Maart 2017/ *March 2017*

Geagte Vleesbaai Eienaar,

Welkom by die Maart 2017 uitgawe van die nuusbrief deur Vleesbaaiers aan Vleesbaaiers. Geniet die jongste nuus oor ons besondere dorp.

Dear Vleesbaai Owner,

Welcome to the March 2017 edition of the newsletter by "Vleesbaaiers" for "Vleesbaaiers". Enjoy the latest news about our special village.

DIE AFGELOPE VAKANSIESEISOEN / *THE PAST HOLIDAY SEASON*

Vleesbaai was die afgelope vakansieseisoen weer volgepak met vakansiegangers. Met die heerlike warm en windlose dae het hier weer 'n behoorlike vakansie-atmosfeer geheers. Middel- en Tarkastrande was vol gepak met swemmers en branderplankryers terwyl die "nuwe" getypoel ook groot aftrek gekry het. Kenmerkend van Vleesbaai is die baie familiefeeste wat jaarliks hierdie tyd gehou word waar hegte familiebande weer opnuut gesmee is.

The new life-saver chairs were a surprise this year, thanks to the Aesthetics Committee of Vleesbaai Dienste. One chair was erected at Middle beach and the other one at Tarka beach. Together with the new beach noticeboards it gave the beach a whole new look and contributed much to a real beach holiday atmosphere. The life-savers loved their chairs and even suggested that other Mossel Bay beaches should follow Vleesbaai's example.

Desember was bitter droog hier in Vleesbaai en groot veldbrande het in Mosselbaai omgewing gewoed. Vleesbaai en omgewing is deurtrek van rooipitjie bosse wat 'n groot brandgevaar is. Gevolglik is dringende versoeke is aan Vleesbaaiers gerig om nie vuurwerke, en veral Chinese lanterns, tydens oujaarsaand en ander aande aan te steek nie. Vleesbaai Dienste sê dankie aan al die vakansiegangers wat so mooi saamgewerk het in hierdie verband. Brandbestryding in en om Vleesbaai is 'n saak wat tans dringende aandag van Vleesbaai Dienste en ander belanghebbendes geniet.

VLEESBAAI PROJEKTE / *PROJECTS IN VLEESBAAI*

Die afgelope vakansieseisoen het talle vakansiegangers weereens gunstig gereageer op die verskillende projekte van die Estetiese Komitee. Die tuin by die hoofingang is pragtig gevestig en die getypoel en nuwe inligtingsborde het baie byval gevind. Die opgradering van die kerksaal is voltooi en spog nou, onder andere, met nuwe aluminium-vensters, 'n fasade vooraan, 'n nuwe tuin en nuut geverfde dak en buitemure. Die foto langsaan wys hoe statig Oom Gallie Meyer se saal nou lyk na voltooiing van die opgradering. Die kerkraad van die gemeente het ook bygedra om die vloer van die saal teen houtkewers te behandel en 'n nuwe vernislaag te gee.

The beach toilets in the parking area above Muller Avenue have been completed and visitors could use it daily between 08h00 and 16h30. A survey revealed that an average of 24 persons per day used it during the holiday season, indicating the extent of the need for such a facility. The toilets will again be open for the April school holidays from 31 March 2017 to 18 April 2017 and the weekend of 27 April 2017 to 1 May 2017.

Op inisiatief van die Estetiese Komitee is klipmuurtjies vir die bruggies oor die stormwatersloot in Hoofweg gebou. Die spoelklippe waarmee die bruggies gebou is, dra pragtig by tot die see-atmosfeer wat so kenmerkend van Vleesbaai is. Vir die res van die jaar is die Estetiese Komitee se fokus op verdere boomaanplantings. Die Komitee word sterkte toegewens en bedank vir al die projekte tot dusver wat soveel bygedra het om die sigbare beeld van Vleesbaai te verbeter.

VLEESBAAI DIENSTE NPC: JAARLIKSE VERGADERINGS / *ANNUAL MEETINGS*

Die Algemene Jaarvergaderings en Direksievergaderings van Vleesbaai Dienste het op 20 Desember 2016 en 2 Januarie 2017 plaasgevind. Die volgende is enkele van die belangriker sake wat bespreek is en besluite wat geneem is:

Rioolverdampingspanne: Vleesbaai Dienste het Dr WR Ross as rioolbestuurskonsultant aangestel om Vleesbaai se riooldamme op Riekie van Rensburg se plaas te ondersoek en advies te gee. Op sy aanbeveling is ‘n sesde riooldam geskraap en omhein, die vloei van die water deur die damme versprei om beter oksidasie te bewerkstellig en ‘n rioolvloeimeter in die rioolpyplyn in Hoekbaai geïnstalleer. Die riooldamme is nou op ‘n goeie standaard en lewer skoon oorloop water wat veilig vir diere is.

Belastingstatus van Vleesbaai Dienste NPC: Vleesbaai Dienste is as ‘n *“non-profit company (NPC)”* by CIPC *(“Companies & Intellectual Property Commission”)* geregistreer. Op grond hiervan is daar by die SAID aansoek gedoen vir vrystelling van die betaling van belasting ingevolge die Wet op Inkomstebelasting Nr. 58 van 1962. Die SAID het egter die aansoek sowel as die appél daarop afgekeur. Die Direksie het toe besluit om ‘n prokureur wat in belastingsake spesialiseer, aan te stel om die saak te ondersoek en Vleesbaai Dienste oor moontlike verdere aksies te adviseer. Intussen is R114 000 voorsien vir Vleesbaai Dienste se moontlike belastingpligtigheid.

Office complex: *The existing offices and workshop of Vleesbaai Dienste no longer meet the needs of the office and operations staff. For example, the workshop where workers use electrical tools, does not have a concrete floor and is not waterproof. In addition the workshop is situated next to the refuse rooms which is unacceptable from a hygiene point of view. The offices are cramped and no proper conference room is available. Realising this the Board of Directors has appointed a committee to investigate the design of an office complex that would meet the future needs of Vleesbaai Dienste.*

Plankbrug: Die bestaande plankbrug in die Hoekie stap aan in jare en bereik nou die stadium waar instandhouding nie meer voldoende is nie en dit strukturele aandag nodig het. Dele daarvan is teen die strandmuur gebou en dit veroorsaak dat branders wat teen die muur vas spoel, teen die plankbrug opslaan. In die proses word die stutpale en loopvlak van die brug verswak. Dit het die Direksie genoodsaak om te begin kyk na die vervanging van die plankbrug. Onderhandelinge met geskikte kontrakteurs oor die bou van ‘n nuwe plankbrug is tans aan die gang.

Emergency plan for crisis management in Vleesbaai: *Crises such as home and veld fires, serious medical incidents, vehicle and other accidents, burglaries and power failures can happen at any time in Vleesbaai. The Board of Directors has tasked the Operations Manager to develop and implement a plan for managing such emergencies. The initial focus is on developing a firefighting capability which, given the drought and abundant alien vegetation, is an urgent need.*

Vergelyking van kostes tussen Vleesbaai en Mosselbaai: 'n Vergelykende ondersoek is gedoen na die heffings en kostes tussen Vleesbaai en Mosselbaai gebaseer op 2016 tariewe. Die belangrikste bevindings was soos volg:

- Met die Vleesbaai Dienste heffing en 'n gemiddelde entiteitsheffing ingesluit kos dit R4238,59, d.w.s. 47,45%, meer aan vaste heffings per jaar om in Mosselbaai te bly as in Vleesbaai.
- Met 'n gemiddelde waterverbruik van 20 kl per maand kos dit R 498,96, d.w.s. 42,9%, meer aan waterverbruik per jaar om in Vleesbaai te bly as in Mosselbaai.
- Met 'n gemiddelde elektrisiteitsverbruik van 600 kWh per maand kos dit R666, d.w.s. 6,3%, meer aan elektrisiteitsverbruik per jaar om in Mosselbaai te bly as in Vleesbaai.
- Met al hierdie kostes gesamentlik kos dit die gemiddelde huishouding R 4 405,63 per jaar minder om in Vleesbaai te bly as in Mosselbaai.

Management Committee: *The following members were appointed to the Management Committee for 2017: Eddie Lotz (Chairman), Fred Bull (Member for Finances), Dulcie Nel (Aesthetics Committee); Wyndham Moore (Member for Operations) and Carl Serfontein (Secretary).*

Afskeid van Etienne Theart en Chris van Zyl: Die Direksie het op 2 Januarie 2017 geleentheid gehad om afskeid te neem van twee gewaardeerde persone wat diep spore in Vleesbaai getrap het. Etienne Theart was instrumenteel in die totstandkoming en funksionering van Vleesbaai Dienste (Edms) Bpk in 1982 en het baie jare op die Direksie as Sekretaris van Vleesbaai Dienste gedien. In dié tyd het hy feitlik man-alleen die belange van Vleesbaai behartig en bestuur. Sy bydraes het wyd gestrek waarvoor die Direksie hom hartlik bedank het. Chris van Zyl was die Bedryfsbestuurder van Vleesbaai Dienste vanaf Januarie 2008 tot Desember 2016. As sodanig was hy verantwoordelik vir die daaglikse bedryf van Vleesbaai as 'n dorp. Hierbenewens het Chris 'n belangrike bydrae gemaak deur volledige diagramme van al die infrastrukture van Vleesbaai te ontwikkel, bv. die waternetwerk met sy massawatermeters, reservoirs, stopkrane en verspreidingsnetwerke. Die Direksie het hom bedank vir sy bydrae om die infrastruktuur van Vleesbaai tot 'n hoë standaard op te bou.

MATTERS REGARDING VLEESBAAI DIENSTE / **VLEESBAAI DIENSTE SAKE**

The Management Committee of Vleesbaai Dienste would like to remind owners and residents of the following:

- **Maart rekeninge:** U het onlangs 'n faktuur van Vleesbaai Dienste ontvang wat in April 2017 betaalbaar is. Die faktuur bevat die volgende :

  - Waterverbruik vir die tydperk 1 September 2016 tot 31 Januarie 2017
  - Elektrisiteitverbruik vir dieselfde periode
  - Die tweede helfte van die jaarlikse Vleesbaai Dienste heffing

  Die jaarlikse Vleesbaai Dienste heffing vir die periode 1 Oktober 2016 tot 30 September 2017 is soos volg saamgestel per erf :

- Finansies en administrasie	R 1 071	
- Bedryf en Onderhoudsuitgawes	R 1 544	
- Vullisverwydering	R 298	
- Riooldienste	R 95	
- Voertuigbeheer (Sekuriteit)	R 472	
- Watervoorsiening	R 235	
- Elektrisiteitsvoorsiening	R 1 088	
- Onbegrote uitgawes (voorsiening)	R 128	
- Estetiese verbeterings en Opgraderings	R 157	
- Kapitale uitgawes	R 1 335	
	R 6 423	
Min : Rente en ander inkomste	R 679	
TOTALE JAARLIKSE HEFFING	R 5744	(BTW UITGESLUIT)

  Die eerste helfte van hierdie totale jaarlikse heffing is in November 2016 gefaktureer en die balans op 14 Maart 2017 (elke keer R 2872 + BTW = R 3274.08). Kloofsig eienaars se jaarlikse heffing beloop R 4 421 plus BTW aangesien Vleesbaai Dienste nie water en elektrisiteit aan hulle voorsien nie.

- ***Crime and vandalism in Vleesbaai:*** *Although you have recently been informed about this, we would like to again remind you of the problem of crime and vandalism in Vleesbaai. Fortunately no burglaries were reported during the holiday season, but since then several incidents have occurred. Please upgrade the security arrangements of your property. And just as important, please report all burglaries, big or small, to the SAPS. This will enable them to build cases and eventually arrest the perpetrators. Vandalism has been foreign to Vleesbaai in the past, but unfortunately such acts have occurred recently. Please help us to keep a watchful eye on our environment and report any signs of vandalism to our Operations Manager, Callie Moller, at 044 699 1242 or* vleesbedryf@iafrica.com*.*
- ***Recycle material and trash:*** *The Operations Manager has reported cases of discarded building material and appliances being dropped behind the refuse bins at the VD offices and requests residents to please refrain from doing this. Dropping trash and/or building rubble on empty stands or secluded areas have also been reported. Please report such incidents to the Operations Manager.*
- **Grassnydienste aan Vleesbaai eienaars:** Talle eienaars in Vleesbaai gebruik die bedryfspan van VD om die gras op hul erwe te sny. Die Bedryfsbestuurder het egter gerapporteer dat die bedryfspan se primêre verantwoordelikhede en take baie toegeneem het en dat die grassnydienste aan privaateienaars 'n groot las byvoeg. Die Dagbestuur het ongelukkig geen ander keuse gehad as om hierdie diens aan privaateienaars te staak nie. Daar is gelukkig private tuindienste wat u daarmee sal kan help. Kontak die Bedryfsbestuurder vir besonderhede.
- **VD Kantoorpersoneel:** Die nuwe Bedryfsbestuurder is Mnr Callie Möller. Hy is sedert 1 Januarie 2017 in die pos en is teen hierdie tyd reeds goed ingeburger. Sy kontakbesonderhede is 044 699 1242 (werk), 082 569 6007 (sel), 086 545 4935 (faks) en vleesbedryf@iafrica.com. Die persoon in beheer van finansies is die Finansiële Bestuurder in die persoon van Mnr Philip Fourie. Hy kan gekontak word by 044 699 1242 (werk), 086 511 6993 (faks) of vleesbaai@iafrica.com.
- **Besonderhede van eienaars:** Dit is baie belangrik dat eienaars enige veranderinge in hul persoonlike en kontakbesonderhede aan beide Vleesbaai Dienste (Mnr Philip Fourie) en hul aandeleblok maatskappy of huiseienaarsvereniging moet rapporteer. Veral veranderinge in e-posadresse moet aangemeld word aangesien e-pos in moderne tye die voorkeur en doeltreffendste wyse van kommunikasie geword het. Dit maak die administrasie van u belange en kommunikasie met u net soveel makliker en effektiewer.

Vleesbaai groete/ *Kind regards*

Carl Serfontein
VD Sekretaris / *VD Secretary*
073 620 4155
carl.serfontein@vodamail.co.za

VLEESBAAI

VLEESBAAI DIENSTE NPC
Reg. No. 1982/009677/08